

Hy lyk soos 'n gees (kyk by Malh. 178); . . . soos een wat 'n voorbode gesien het (Winburg); . . . soos 'n spook met 'n lang naghemp (Paul Roux); . . . soos 'n spook op 'n afdraende (Vryheid).

Hy lyk soos die opgewarmde dood (Paarl en Porterville); vgl. Ndl. *Hij ziet er uit als de bittere dood* (Tuinm. 25); *Hij ziet er uit als de geschilderde dood* (Harreb. 1-145); 't Is gelijk de dood in burgerskleeren (De C. Gebr. 268).

Hy lyk (staan) soos die dood in ou 'Sluyter' (met sinspeling op 'n prentjie van die dood in W. Sluyter se 'Buyten-Leven'; kyk vir besonderhede by hfst. 3(j)); vgl. Ndl. *Hij ziet er uit als de dood van Ieperen* (vir 'n maer en vervalle persoon). Vergelyk hiervoor Stoett 1-177 waar hierdie vergelyking sowel as ander soortgelyke uitdrukkinge in verband gebring word met 'n afbeelding van die dodedans, soos dit in verskillende plekke in Wes-Europa aangetref word. In Duits kom voor: *Er sieht aus wie der Tod van Kiewten* (na aanleiding van 'n beeld op die kerkhofmuur) (Frischb. 17); *He sütt út as de Dod vun Lübeck* (Eck 27); *Aussehen wie der Tod von Basel* (in Switserland) (De C.—Gebr. 268); *Er sieht aus wie der Tod von Dirschau* (In beziehung auf die Niederlage, welche die Danziger bei der stadt Dirschau erlitten haben) (Frischb. 17).

Hy lyk soos 'n waspop (Vryheid); vgl. Ndl. *Hij lijkt wel een stom beeld* (Harreb. 1-38); Duits. *Hei sitt ut wie de Hans van Sage* (het betrekking op 'n hout standbeeld) (Frischb. 18); *He sütt út as Schüppenbûr* (Eck. 28).

Hy lyk soos een wat die Bybel ingesluk het (baie vroom); . . . soos Jeremia se klaagmuur (baie bedruk); vgl. soortgelyke uitdrukkinge aan die Bybel ontleen, nl. Ndl. *Hij ziet uit als O. L. Heer aan 't kruis* (Welters 91); *Zij ziet er uit als Magdalena* (bedroefd, mistroostig), als een bedrukte moeder Gods (Welters 114); *Hij ziet er uit als 't eeuwig leven* (Welters 98); Duits *He süht út, as een Kinjees* (Kind Jesus) (geschmaklos angezogen) (Eck. 27); *Hä süht út as et ewige leäwen*. (Gesund) (Eck. 26).

Hy lyk soos uilspeël in die maanskyn (het ontydig 'n wit pak aan) (Wesselsbron). Kyk by bl. 336 (Malh.).

Hy lyk soos 'n treurspel in sewe bedrywe (vgl. Malh. 11).

Hij ziet eruit als een gescheurde Trap der Jeugd (haveloos en ongedaan) (Changuion en Malh. 63).

Hy lyk soos 'n opgestopte varkwors (Springbok); vgl. Duits *He süt út as 'n útstoppede Mettwoerst* (Eck. 28); Ndl. *Ze ziet er uit als gerookte spek* (vaalgele kleur) (De C.—Vr. 201).

Hy lyk soos 'n suurlemoen in 'n kasteroliebottel (Vryheid).

Hy lyk soos 'n nuwe shilling, . . . 'n nuwe sikspens (Paarl, Porterville. Vgl. Eng. *As clean as a new penny* (Hazl. 63). Kyk by Malh. 307,

Hy lyk soos 'n afgelekte sny brood (sien MAER en vgl. St. 1-129). Vgl. *He suht grad út wie en afgeleckte Kasbröck* (Käsebrot) (Eck. 27); *He sütt út as 'n aflickten Klütje* (Mehlkloss) (Eck. 27).

Hy lyk soos sewe dae se reënweer; vgl. Ndl. *Hij kikt oet as drei doag slecht weer*: hij ziet er zeer verdrietig, knorrig uit (Molema 287); Hgd. *Er sieht aus wie sieben Meilen schlechter Weg — wie sieben Jahre theure Zeit* (Frischb. 17); *Er sieht aus wie drei Tage Regenwetter und der Vierte noch nicht hübsch* (Wander 1-201); *He sütt út as de düre tied, . . . as de Hunger* (Eck. 27); *He kikt út as drê Dagen Regenwêr* (Eck. 538).

Hy lyk soos 'n verdwaalde poep op 'n doumore (Springbok) (kyk by VERDWYN); . . . soos 'n verskrikte poep in 'n donderstorm op 'n afdraend (Heilbron).

Hy lyk soos lag oor huil (maar half-tevrede) (Bloemfontein); . . . soos 'n vraagteken ('n lang persoon wat krom loop); . . . soos twee blou oë op 'n mikstok ('n persoon met lang bene) (Dealesville); . . . soos wie kom daar aan (is onbekend) (Laingsburg); . . . soos Hoogmoed op twee stokkies (van 'n verwaande persoon gesê) (Springbok); . . . soos 'n weerligpapie (Springbok).

NEERSLAAN.

Neerslaan soos 'n flou perd; . . . soos 'n os (algemeen). „Hy het mos eendag die duusman se kind 'n klap gegee dat hy soos 'n os neerslaan op die sand” (O.K. 2-139).

NEKOMDRAAI.

Hy het nekomgedraai soos 'n jong os in 'n juk (algemeen). Iemand se nek omdraai soos 'n hoender ('n duif) s'n; vgl. Ndl. *Den hals omdraaien als een jonge duif* (Welters 82).

ORDEEL.

Hy oordeel soos 'n blinde. Vgl. Ndl. *Hij oordeelt erover als een blinde over de kleuren* (Harreb. 1-62); reeds in die sewentiende eeu bekend, vgl. „Hij oordeelt hier als van de kleur de blindt” (V. Moerk. 341); Hgd. *Er redt darvon wie ein Blinder von der Farb* (Tuinm. 2-8).

PAS.

Dit pas soos 'n deksel op 'n pot; vgl. Ndl. *Opeen passen gelijk het scheelken op den pot* (Joos 20); Hgd. *Das passt wie ein Deckel auf eine Kanne* (Wander 3-1189); *Et passet as die diékel up 'n Pott* (Eck. 398); vgl. hier ook Ndl. *Het sluit of past als een bus*. (goed)

(Welters 90); *Dat sluit as 'en bos*: het sluit, vooral gezegd van een redeneering die steek houdt (bus: cilindervormig voorwerp van metaal dienende om iets in te sluiten) (Boeken. 100). Kyk verder by St. 2-274.

Dit pas op mekaar soos twee skulpe; vgl. Ndl. *Opeen passen ge-lijk twee nootschelpen, twee mosselschelpen, twee halve kazen* (Joos 20). Die beeld van die twee skulpe is reeds deur Cats gebruik in 'n gedig op die dood van sy vrou.

Dit pas soos 'n vuurslag by 'n tonteldoos (Bethal); . . . soos 'n **driehoet by 'n es** (Dewetsdorp, Louis Trichardt, Zastron, Cathcart); . . . soos 'n **kierie by 'n Kaffer**; . . . soos 'n **mes by 'n slagter**. Vgl. Ndl. *Iemand naloopen als een koksmes* (altijd aan zijn zijde lopen) (Welters 100).

Dit pas soos 'n teks by 'n ouderling; vgl. 't *Valt er in als een tekst in een ouderling* (F. van Eerz. in N.T.G. 13-135).

Dit pas soos spek by boontjiesop; vgl. Hgd. *Es reimt sich wie Speck zu Buttermilch* (Wander 3-1636).

Dit pas soos boter by vis; vgl. „k heb naer u groot verlangen . . . als eenen visch naar boter” (aanhaling uit die sewentiende eeu by St. 1-127).

Dit pas soos 'n ring aan 'n vinger. Vgl. Hgd. *Es passt wie der Ring an den Finger* (Wander 3-1190). Die uitdrukking word ironies in Ndl. *Het past als een vuist op een oog* (Welters 9); Duits *Dat passt as 'en Knüppel op 'n Kop, Dat passt wie de Füst ont Näsloch* (Eck. 398).

Die ironiese bedoeling spreek ook duidelik uit die volgende: **Dit pas soos 'n brommer op 'n beespens** ('n klein kêreltjie by 'n groot nooi) (Petrus Steyn); . . . soos 'n **bril op 'n Boesman** ('n aap, 'n vark, 'n koei ens.). Vgl. Hgd. *Das stoht ihm wie der Sau die Brilla* (Seiler 170); *Es reimt sich wie ein par schuh an einer Affen Fusse* (Wander 3-1636); *Es passt ihm wie einem Esel die stiefeln* (Wander 3-1190); *Er schickt sich dazu, wie eine Pistole in ein Brillenfutteral* (Wander 4-157); *Es passt wie ein schwarzer Wolf zur weissen Ziege* (Wander 3-1191); Ndl. *Dat past gelijk den mol een paar leerzen*; dat past u geenszins (Joos 20); *er uitkomen gelijk een mol met een paar leerzen*: gekleed zijn in een pak dat niet voegt (Joos 20).

Dit pas soos 'n saal op 'n koei. Vgl. Ndl. *Dat gaat u gelijk een zadel aan eene koe* (dat past er niet) (Joos 20).

Dit pas daar soos 'n vis op die droë grond; vgl. Ndl. *Hij is daar as 'en snoek op zolder* (hij is er niet op zijn plaats) (Boeken, 962).

Dit pas soos 'n naghemp op 'n stok; iets soortgelyks in Engels: *It fits like a purser's Shirt on a handspike* (Sea Slang 4a).

Dit is so onvanpas as kameelpeule aan 'n maroelaboom (Bets-joeanaland).

Dit pas so min as 'n goue ring by 'n aap (kyk by hfst. 1); vgl. Hgd. *Es steht ihm wie der Sau ein Ring im Ohr* (Wander 4-796). Kyk by St. 2-346 vir Ndl. *Dat past als een tang op een verken*.

PRAAT (BABEL, GESELS).

Praat soos 'n advokaat (algemeen); vgl. Ndl. *Praten als een advokaat, geleerd als een advokaat* (Joos 20).

Praat so eentonig soos 'n parlamentslid; praat soos 'n professor; . . . soos 'n prokureur; . . . soos 'n profeet; . . . soos 'n assuransie-agent. Vgl. Hgd. *Er redet wie ein Professor* (Frischb. 218); *Er redet wie ein Prophet* (Wander 3-1569); *Er kan reden wie ein Doktor und scheissen wie ein Apotheker* (Frischb. 218). „Hij kan praten als een burgemeester” (Bartje 141).

Hy praat soos 'n kind wat kweek vreet (onsin) (Paul Roux); Hulle babbel soos 'n klomp wasmeide by die spruit; hulle kekkel soos 'n klomp viswywe op 'n koeliemark (Vryheid); vgl. Ndl. *Babbelen gelijk een vischwijf* (Joos 12); *praten gelijk een oud wijf* (Joos 20).

Kyk by St. 1-145 vir die bekende „Praten als Brugman” wat sedert die sestiende eeu bekend is en wat verwys na die welsprekendheid van Johannes Brugman. Vgl. bv. „Je keund praten als Brugman” uit die klugte van die sewentiende eeu (Van Moerk. 83).

Praat soos 'n boek (sien Malh. 137). Vir die verskillende betekenisnuanseringe van Ndl. *Spreken als een boek* kyk by St. 1-106. In Afrikaans is die algemene betekenis die van welsprekendheid of welbespraaktheid. Om 'n onnatuurlike, stywe, boekerige taal aan te dui word gebruik gemaak van die vergelyking hy praat soos die Bybel. Minder bekend is die onpersoonlike konstruksie Dit spreek soos 'n boek in die betekenis van 'n vanselfsprekendheid. Vgl. „Dit spreek soos 'n boek” (dit volg vanselfsprekend) (Die Brandwag 1911-206). Vgl. Ndl. *Dat spreekt als een boek* (Harreb. 11-17). Origens kom hierdie vergelyking voor in Duits sowel as in Frans. Vgl. *Er spricht wie ein Buch* (Frischb., Sandv., Wander); *He spricht as en Bök* (Eck. 496); *Il parle comme un livre* (Wander 4-742).

Hy praat soos 'n koffiemeul (Paarl, Porterville, Johannesburg); vgl. Ndl. *rammelen gelijk een klettermolen* (veel praten) (Joos 20); *Haar mond gaat als een klappermolen* (De C.—Vr. 43); *Zijn mond gaat als een pot met grutten, die op het vuur staat en kookt* (Harreb. 2-100).

Babbel soos 'n grammofoon (ook onder die Boere in Argentinië gebruiklik); vgl. Hgd. *Reden wie ein Uhrwerk* (Sandv. 46).

Hy praat soos een wat pap (semels) in sy mond het (onduidelik); vgl. Ndl. *Hij staat als of hij den mond vol brij had, hij staat als of hij een lap in den mond had* (Tuinm. 306).

Hy praat soos iemand wat 'n doodvonnis op homself uitspreek (temerig en onduidelik).

Sy tong loop soos 'n eksprestrein ('n masjien) (hy praat onop-houdelik). Vgl. Ndl. *Aflopen gelijk een bobijn* (veel praten) (Joos 12); *Haar tong gaat als een blad van den populierboom, als een wagenaars zweepje, als een rammelend tafelbord* (De C.—Vr. 43); *reuteln as 'n old zippvat* (babbelen—zonder zin of slot praten) (Molema 345); Duits *De Tung geht ihm als 'n lammerstert* (Eck. 584).

Haar tong is nooit stil nie, net soos 'n kwikstertjie. Vgl. *Der vrouwen tong gaat heen en weer als de staart van een kwikstaartje* (De C.—Vr. 42).

Praat soos 'n papegaai (baie algemeen); vgl. Ndl. *Praten als een gaai* (Kous.); *Spreken gelijk een papegaai* (Joos 21); *Hij gelijkt een papegaai, al wat hij hoort, praat hij na—Er ist wie ein Papagai, er schwatzt nach, was er hört* (Wander 3-1174). Reeds in Latyn *Turtur loquaciō*, hij klappt als een ekster (of: papegaai) (Harreb. 1-182). Verder Hgd. *So geschwätzig wie eine Turteltaube* (Wander 1-1603); *He kan kakeln as 'n Haxter* (ist streitsüchtig) (Eck. 242).

Hulle gesels soos 'n swerm vinke in 'n rietbos; so kwink soos 'n vink (baie spraaksaam) (kyk hiervoor by hfst. 3(j)); **babbel soos 'n klomp spreus in 'n vyelaning** (Volksrust); vgl. Ndl. *Ze babbelt als een zwaluw op een boonenstaak* (De C.—Vr. 42); *Scharmen as 'n kieft* (in 't wilde praten) (Molema 166).

Kekkel (babbel) soos 'n hoenderhen (wat 'n eier gelê het); vgl. Ndl. *Zij kakelt gelijk een kip, die haar ei niet kwijt kan raken—als een hen op een luifel* (De C.—Vr. 45); Duits *Hei kakelt wie e Kluck* (Eck. 242); *Se snätern as de Gôse, as en Ant* (Eck. 466).

Praat soos 'n langasem-kriek (sonder ophou). Vgl. Lt. *Totum diem Argutatur quasi cicada*, wie eine Grille (Otto 83). „En so, sonder asem of tussenpoos, nes 'n sonbesie, het ek aan die praat ge-bly” (Sonde met die Bure, bl. 65).

PRONK.

Pronk soos 'n pou (algemeen); . . . soos 'n kommandopou (Paarl, Porterville); . . . soos 'n mannetjieskalkoen.

„Die oue mans houw hulle lijf kalkoen onder die jonge meisjes” (Volksbl. 19 Okt. 1875). Die beeld is ontleen aan die pronkende, vlerkslepende mannetjieskalkoen” (J. d. P. Sch. in T.W.K. 14-17).

RAAS (vgl. LAWAAI).

Hy raas soos 'n kraai wat die eerste in 'n dooie perd se oog pik (Bloemfontein, Britstown).

Hulle raas soos spreus in 'n vyelaning; . . . soos 'n klomp spreu-wyfes (Greytown) (kyk ook by PRAAT).

Raas soos 'n tarentaal ('n klomp tarentale); „iemand wat gedu-rig gesels en raas heet Annie Tarentaal” (Die Brandw. 15/12/39).

Raas soos 'n klomp voëls wat 'n slang gewaar het.

Raas soos 'n brommer in 'n bottel (Bloemfontein); vgl. Ndl. *klinken as 'n huller in de pispot; 't snart as 'n huller in de pispot* (wordt van eenig snorrend geluid gezegd) (Molema 171).

Raas soos 'n klomp skoolkinders wat vakansie kry; . . . soos 'n Jodeskool; vgl. *'t geit der her as in 'n Jodenkerk* (Eck. 208).

Raas soos 'n koeliemark.

Dit raas erger as op die duiwel se dans (se bruilof).

Raas soos op 'n kaffer-dronknes; meer raas as tien dooie Engelse (in Vryheid gehoor); iets soortgelyks in Ndl. *Aangaan als een Turk*; vgl. *In Turkeie gait 't roar te keer* (Molema 417); *tieren lijk ne tegel-dekker* (Loquela); *angoan as 'n ketelbuiter* (Molema 9).

REK.

Rek soos gomlastiek, . . . soos 'n tameletjie. Hy rek hom uit soos 'n lui os; . . . soos 'n giraf wat op sy tone staan.

'n Noot rek soos 'n voorslagriempie (vgl. Malh. 349).

REM.

Hy rem soos 'n steeks perd op 'n afdraend.

Rem soos 'n kat aan taal vleis (Springbok).

ROL.

Rol soos 'n vrot pampoen; . . . soos 'n wiel, 'n hoepel.

ROOK.

Hy rook soos 'n skoorsteen; vgl. Ndl. *Hij rookt als een schoorsteen* (Van Dale 1431); *Rooken gelijk een schouw* (Joos 20); Eng. *To smoke like a chimney pot*.

Rook soos 'n miskoek; . . . soos 'n nat sak. Vgl. Ndl. *Rooken gelijk eene smisse, . . . een Turk* (Joos 20).

RUK.

Hy ruk soos 'n hond wat gif gevreet het (Vryheid); . . . soos 'n slang wat pypolie ingekry het; . . . soos 'n Hotnot wat dagga ge-rook het; steier soos 'n koggelmander wat pypolie in het (Heilbron).

RY.

Hy ry soos 'n Engelse 'Tommy' (swak); vgl. *He sit as 'n Danz-mester* (nicht sattelfest) (Eck. 43). Kyk ook by hfst. 3(i). „Hy ry

soos 'n juts (Eng. „Judge”) is onder die ou geslag nog goed bekend” (J. d. P. Sch. in T.W.K. 14-189). Kyk ook by **SIT**.

SAK.

Inmekaarsak soos 'n sleggepakte miet; . . . soos 'n sak ertappels; . . . soos 'n bondel wasgoed.

In 'n eksamen sak soos 'n baksteen (baie algemeen). Vgl. die ironiese Swem soos 'n baksteen.

SING.

Sing soos 'n nagtegaal; vgl. Ndl. *zingen gelijk een vogel, eene nachtegaal* (Joos 23).

Sing soos 'n kanarie; vgl. Ndl. *Zingen als een lijster* (reeds in die middeleeue bekend, vgl. St. 1-566); in die sewentiende eeu „Hij singt als ien lijster” (v. Moerk. 56).

Hy sing soos 'n kat wat maagpyn het (Paul Roux); vgl. Hgd. *Er singt wie die Katze, wenn inan ihr auf den Schwanz tritt* (Wander 4-570).

Hy sing soos 'n hond wat mosterd op sy tande het (Bloemfontein, Heidelberg K.P., Caledon, Sir Lowry's Pas). Vgl. Ndl. *Kijken als een hond die mostaard geëten heeft* (zuur, bedrukt) (Joos 26).

Sing soos 'n kameel met 'n seer keel, . . . soos 'n brommer wat verkoue het, . . . soos 'n brommer op 'n beesblaas (almal Springbok) (vgl. Lyk soos 'n brommer op 'n beesblaas).

Sing soos 'n gebarspte pot (vals, met 'n kraakstem); . . . soos 'n geslypte sirkelsaag (Vryheid). Vir sulke ironiese vergelykinge vgl. Ndl. *Zingen gelijk nen boer die tandpyn heeft* (weenen) (St. 1-527); Duits. *Hei singt wie e Nachtgall, dei dem Bäre dat Schâp opfrett* (Pr. Wie ein Wolf) (Eck. 483).

SIT.

Hy sit soos 'n uil op 'n kluit (kyk by Malh. 336); . . . soos 'n uil op 'n klip; vgl. *Hei sittet doa, as de ûle vörm Astlock* (Eck. 75). Presies die teenoorgestelde betekenis word vertolk deur Ndl. *Hij zit als een havik op den tuin* (die maar loert op zijne prooi, om die schichtig op 't lijf te storten) (Tuinm. 2-135); *Zij zitten als grijp-vogels op de wacht* (Tuinm. 2-135).

Soos 'n voël op 'n tak sit (onseker van die toekoms) (Vryheid). Vgl. Malh. 347.

Sit en kerm soos 'n kat op 'n derm (Springbok) (kyk by hfst. 2(b)(ii)); sit soos 'n springhaas op sy agterbene; . . . soos 'n dassie in die son (baie algemeen); . . . soos 'n gekwete merkat in die hoek (Vryheid).

„Hij sit, half katswink, pen-orent en doodstil fer 'n ogenblik nes 'n skilpad wat sy ouderdom bereken" (O.K. 5-11).

Hy sit soos 'n aap op 'n stokkie; vgl. Ndl. *Hij zit er als een aap op een stok, of in een porselein-winkel* (Welters 95).

Sit soos 'n hoender wat die piep het; „Ons sit soos twee nat hoenders vol angs" (O.K. 1-249); „Sit van skaamte nes 'n hoender wat die piep het" (O.K. 5-23). Vgl. „Hij kan d'r bij zitte als een zieke meeuw" (Wilde Vaart 252); *He sitt as de Kun* (Hahn) *upp 'n Mess* (Eck. 485).

Sit so styf ingepron soos sardiens in 'n blikkie; vgl. Ndl. *Wij zaten als haringen in eene ton* (stijf op elkander, zeer gedrongen) (Van Dale 1663).

Sit soos 'n luis op 'n kam (baie ongemaklik); vgl. Ndl. *Hij zit er als een luis tussen twee nagels* (benepen) (Welters 90); Hgd. *Er sitzt, wie die Laus zwischen zwei daumen* (Sandv. 35); *Dä sitz, wie en Lûs zwische zwei Stäbe* (Eck. 75); *He sitt as de Lûs im Schorf* (Eck. 485); met ander betekenis, Ndl. *Hij zit alsof hij eene luis in zijn oor heeft* — alsof zijn geweten hem beschuldigt (Van Dale 961).

Op 'n perd sit soos 'n sak artappels (meel, sout, mielies) (lomp, onvas); vgl. Ndl. *Te paard zitten als een zoutzak, zandzak, meelzak, wortelzak* (De Vooys); *Zij sit als een soutsak* (lomp) (St. 2-544); *Hei sitte op 'n Piere as en Forsk op 'n Kaudreck, He sitt up 't Perd as de Esel up 'n Plûmbôm* (Pflaumenbaum) (Eck. 405); „Je zit er weer by as 'n zoutzak, vader!" (De Roman van een Gezin—94).

Hy sit daar soos God van kafferland; . . . soos 'n houtgod; sit soos 'n houtgod in 'n vliegwinkel (Paarl, Porterville); sit soos 'n houtgod op blikwiele voor 'n koeliewinkel (Petrus Steyn); sit soos 'n waspop.

„En soos 'n waspop sit jy hier!" (De W.—Vers. Werke 6-74); „Jy sit dan nes 'n gompop wat geen a-b-jab kan sê nie" (Ampie 27); „Hij sit daar soos 'n verlepte persketjie" (Uit my ou Vrystaat); „ . . . sit soos 'n spul muise op 'n trippens se bruin brood" (*Die Huisgenoot*, 17/1/'41).

Hy sit daar so styf soos 'n gesneë beeld (is verwaand); vgl. Hgd. *Er sitzt da wie ein geschnitztes Bild* (Wander 1-558).

Sit soos Job op die ashoop; vgl. Ndl. *Zitten als Job op de mesthoop* (Lauril. 8). Anders weer is Hgd. *Er sitzt wie Eva hinten Feigenblatt* (Seine ausreden sind unzureichend) (Frischb. 246).

Hy sit so regop soos 'n gestorwe Indiaan (Springbok); hy sit so breed soos 'n mynmagnaat, 'n ryk Jood; vgl. Hgd. *Er sitzt wie der Bürgermeister von zinten* (recht bequem, breit und behaglich) (Frischb. 246); *He sitt so stûr as 'n Eddelman* (Eck. 485).

SKOP.

Skop soos 'n ou-sanna (kyk hfst. 3(i)); sy vuus skop soos 'n geweer; skop soos 'n donkiehings, 'n volstruis, 'n muil; dié twak skop erger as 'n perdehings.

Skop soos 'n vlieg in 'n skottel karringmelk (Springbok). Kyk by SPARTEL.

SKREE.

Skree soos 'n speenvark, . . . soos 'n maer vark; vgl. Ndl. *Zij tiert als een mager verken* (De C.—Vr. 56). Kyk verder by St. 2-385.

Skreeu soos 'n kiewiet op 'n mielieland; . . . soos 'n hees korhaan; . . . soos 'n kwêvoël (Kroonstad); skreeu soos 'n meeu (Pietersburg).

Skree soos vyf vrouens en 'n Jood (Springs); vgl. Ndl. *Schreeuwen als een Jood, die gebrandmerkt wordt* (Kous.).

Skreeu soos een wat lewendig afgeslag wordt; vgl. Ndl. *Hij schreeuwt alsof men hem 't vel afdeed* (Joos 21).

Skreeu soos 'n stout kind; . . . soos 'n predikante-tweeling.

Skreeu soos bobbejane; vgl. Ndl. *Schreeuwen as 'n meert* (Molema 167).

Skree soos 'n sonbesie (kyk ook by PRAAT); . . . soos 'n hond op 'n maanskynaand; . . . soos 'n kriek; . . . soos 'n droë trapmasjien (Pietersburg).

SKRYF.

Skryf soos 'n vlieg met ink aan sy pote; vgl. Hgd. *Die Schrift sieht aus, als wenn Hühner über das Papier gelaufen wären*. (Kyk ook by St. 1-317).

Skryf soos 'n kat; vgl. Ndl. *Schrijven gelijk eene kat*, (zeer slecht) (Joos 21).

SKUD.

Hy skud hom af soos 'n waterhond. Vgl. Duits *He schuddelt sück ass 'n Pudelhund, de út 'n Water kummt* (Eck. 471). Kyk by hfst. 4).

Iemand skud soos 'n hond 'n rot ('n slang).

Skud soos 'n sinkplaatpad (kyk by STAMP); vgl. die skertsende Ndl. uitdrukking *schudden gelijk een land dat geploegd wordt* (verschrikken) (De C.—Gebr. 322).

SLAAN (SLAE KRY).

Hy slaan so pap soos 'n ou-vrou wat hartverlamming het.

Hy kry meer slae as kos (algemeen); vgl. Ndl. *Sloag kriegen as brood* (Molema 166); hulle kinders kry meer slae as 'n donkie.

SLAAP.

Slaap soos 'n blok hout, . . . soos 'n klip (baie algemeen); vgl. „Valt als een blok in slaap” (Stiefmoeder Aarde 238); Vlaams *Slope gelijk nen blok, ne steen* (Teirl. 2-73); Hgd. *Er schläft wie ein Stock* ('n vaste, ononderbroke slaap) (Wander 4-203).

Sit en slaap soos 'n haas (met oop oë) (Petrus Steyn); vgl. Hgd. *Er schläft wie ein Hase* (mit offenen Augen) (Frischb. 283).

Slaap soos 'n papie; . . . soos 'n slang in die winter; vgl. Hgd. *Er schläft wie eine Boa* (Wander 4-1323); *Er schläft wie eine ratze* (Sandv. 49); Ndl. *Ze slapen en ze ronken als marmotten* (De Vooy's); Eng. *To sleep like a dormouse* (which sleeps the whole winter) (Smith); Lat. „*Er iam hic me optimus somnus premit ut premitur glis*, ich schlafe wie eine Haselmaus (ein Murmeltier)” (Otto 155).

Slaap soos 'n das in die son; . . . soos 'n vark; vgl. Hgd. *Er schläft wie ein Dachs* (Wander 4-203); Ndl. *Slapen gelijk een das* (Joos 21); *slapen als een varken* (Kous.); *sloapen as 'n os* (Molema 166); *Hij slaapt als een os* (bijzonder vast) (Van Dale 1518); *Slope gelijk nen ottere* (zeer vast) (Teirl. 2-73); „Mijn Wijf slaept so vast als een paert” (Bredero—Klucht van den Molenaar).

Laat slaap soos 'n Indiese Prins (Springbok).

„Ek het geslaap soos die onskuld self” (Die Huisg. 12/2/'37). (Vir Nederlands „Slapen als een roos” vgl. hfst. 1).

SLINGER.

Hy slinger soos 'n dronk matroos, . . . 'n dronk Hotnot; hy slinger soos 'n skuit; sy agterlyf slinger soos 'n haas wat 'n hou met 'n kerie weg het.

SMAAK.

Dit smaak soos poeding, . . . soos koek (baie lekker); vgl. Ndl. *Dat smaakt als koekjes, als peperkoek* (Tuinm. 1-5); *Smoaken as kuut en lever* (Molema 166); Hgd. *'t Smeckt as Honnig un Sappkôk* (Eck. 464).

Die koffie smaak nes skottelgoedwater; vgl. Ndl. *'t Smoakt as schuddelwoater* (Molema 374); Hgd. *Dat smeckt as Schötterwater* (Eck. 464).

Dit smaak na teer, ek lus nog meer; vgl. Ndl. *Dat smaakt na teer: Had ik maar meer* (Harreb. II, 327); Hgd. *Das schmeckt nach mehr* (Wander 4-259). Kyk ook by Malh. 329.

Dit smaak soos saagsels (smakeloos); vgl. Ndl. *'t Smoakt as 'n old wief onder de arms* (droog, smakeloos) (Molema 167).

Dit smaak soos manna in die woestyn; vgl. Hgd. *Es schmäckt wie Manna* (Wander 4-261).

SMELT.

Dit smelt soos heuning in 'n mens se mond; . . . soos botter in die son; . . . soos kersvet; . . . soos was.

„Skatte versmelt so maklik as dou” (O.K. 1-153).

Smelt soos sneeu in die sonskyn; vgl. Latyn „Quasi nix tabescit dies,” „schmilzt wie der Schnee in der Sonne”; „more nivis lacrimae sole madentis eunt”; „calente sole tabescunt nives”—seine Sünden werden vergehen, wie das Eis vor der Sonne”; „ignibus admotis ut nova cera solet”, schmilzt wie Wachs. (Alles by Otto 244).

SNORK.

Hy snork soos 'n vark (algemeen); vgl. Ndl. *Snurken as 'n zwien* (Bergsma 22); reeds in die sewentiende eeu: „Hij snórckt als een Varcken (Van Moerk. 400).

Hy snork soos 'n saagmeul (Paarl, Porterville); **hy snork soos 'n tweedehandse fietspomp** (Volksrust); **hy snork soos tien blaasbalke** (Parys); vgl. Vlaams „De duvel snorkte als tien blaasbalgen” (Pol de M. en De Cock—Wondersp. 619—De Vooys).

Hy snork soos 'n jongperd wat geleer word.

SNY.

Sny soos 'n mes, . . . soos 'n skeermes; . . . soos 'n sens. vgl. Ndl. *Snijden gelijk een vliem, een scheermes* (Joos 21).

Die mes sny soos 'n stuk papier (is baie stomp); vgl. Ndl. *Dat mes snijdt, gelijk een kapotte hond bijt* (is bot) (Welters 82).

Die wind sny soos no. 40 garing (is koud) (Ermelo).

SPARTEL.

Spartel soos vlieë in 'n kom water; . . . soos 'n vlieg in 'n skottel karringmelk (Springbok); **soos 'n vis op droë grond; soos 'n vis in 'n net.**

Spartel soos 'n bobbejaan in 'n beesdip; vgl. Ndl. *Spartelen gelijk een duivel in een wijwatervat*. (Joos 21).

Spartel soos 'n afvlerk-voël; . . . soos 'n hoender wat nekomgedraai is; vgl. *He springt herüm as 'n Hahn, de de Kopf af is* (Eck. 214); *He springt as en kopplosen Hahn* (Eck. 496).

SPAT.

Spat uitmekaar soos 'n klomp mieliepitte.

SPEEL.

Speel soos 'n kat met 'n muis; vgl. Ndl. *Hij speelt met hem geüjk de kat met de muis* (Welters 94); Hgd. *Mit einem spielen, wie die Katze mit der Maus* (Schrader 172).

Hulle speel soos klein katjies.

In 'n klug uit die sewentiende eeu:— „Jij kunt met jou backes speelen, as een Guijchelaer met zijn tasje” (Van Moerk. 80).

SPOEG.

Spoeg soos 'n swartslang; . . . soos 'n reier (vgl. hfst. 2(c)(iii)); vgl. Ndl. *Speien as 'n raiger* (Molema 167); hgd. *Er speit wie ein Reicher* (Wander 4-680).

SPRING.

Spring soos 'n vlooi; reeds in die sewentiende eeu, vgl.: „Siet, hoe lustigh springt hij, als een molenaers vlo!” (van M. 1-62). Vgl. ook Ndl. *Hij springt op, als een vlo in een heete panne* (Meijer 47); *Springen as 'n kakkerlak* (Molema 167).

Spring soos 'n sprinkaan; . . . soos 'n springhaas.

Rondspring soos 'n mal skaap; . . . soos 'n boklam; . . . soos 'n vasgekeerde haas; vgl. Ndl. *Springen gelijk eene geit, een bokje, een haas, de springhanen* (Joos 21); Duits *Hei springet üs en Hase* (Eck. 496).

„Bokspring soos 'n duiker” (O.K. 3-215).

Hy spring soos 'n jongperd. Vgl. *He springet as en schetterig Oskalf* (Eck. 214).

Rondspring soos die duiwel op 'n vastrap; vgl. *He springt herüm as de Düvel im torenten Nette* (ist wild) (Eck. 214).

STAAN.

Hy staan soos 'n hotnotsgod op 'n almanak (sedig) (Springbok). Vgl. by **LYK**.

Staan soos 'n vark wat luister waar die rog stort (staan aandagtig en luister) (Bloemfontein).

Staan soos 'n natgereënde hoender (kyk ook by **LYK**); staan soos 'n hoender wat doodgeryp het (Paul Roux); vgl. Hgd. *Dastehen wie ein nasser Hahn, wie begossener Hahn* (Häufiger—Katze, Hund, Pudel) (Schrader 237).

'n Aantal van die vergelykinge voer 'n mens in die militêre sfeer en word gewoonlik deur drilinstrukteurs gebruik om effek te verleen aan hulle bevel. Vgl. **Wat staan jy daar soos 'n hoenderhen wat hoofpyn het; . . . soos 'n kat wat kleintjies gehad het; . . . soos 'n kiewietjie in die water** (Zastron); vgl. ook **marsjeer soos reiers wat paddas vang** (stadige pas) (Zastron).

Hy staan soos 'n perd wat rus; hy's nes 'n perd, hy staan net (Bloemfontein); „wat staan jy daar soos 'n os wat herkou?” (Die Huisg. 19/9/41).

„Daar stond hij nu als 'n os bij de slagpaal” (De Unie 1-499). Vgl. Hgd. *Vor etwas wie die Kuh vor neuem Tor stehen* (etwas dumm verwundert betrachten) (Lipperh. 477, Schrader 92) . . . *auch das rothe Thor, das bunte Stadtthor* (Frischb. 10).

Hy staan (sit) daar soos 'n uil op 'n kluit; vgl. Ndl. *Hij stond daar te zien gelijk een uil op eenen kluit* (Jqos 22); Vlaams *Hie staat dor te kijken, te gopen gelijk nen uil op ne kluit* (zeer dom) (Teirl. 1-152). Kyk ook by Malh. 336.

(Kyk by **SIT** vir Ndl. *Zoo veeg staan als eene luis op den kam*: in groot gevaar verkeer—Van Dale 961).

Staan soos 'n predikant wat sy preek vergeet het (bedremmeld, verlore); „Wat staan ek soos 'n „manager”! Vanaand moet ek my akker skoon aflewer!” (Op Veld en Rande 124).

Hy staan daar soos Lord wie-weet-wat. Vgl. „Je ken toch niet als Lord Wanhoop op het land gaan staan” (Stiefmoeder Aarde 277).

Staan soos 'n arme sondaar; vgl. Hgd. *Er steht da wie ein armer Sünder* (Wander 1-559); Ndl. *Staan als een arme zondaar* (Lauril. 56). Kyk hiervoor by hfst. 3(g); *Hij stait daar of 'e Job vermoord hedt* (beteuterd, bedremmeld) (Molema 187).

Staan soos Lot se vrou, . . . soos 'n soutpilaar; vgl. Ndl. *staan as 'n zoltpilaar* (Molema 488) en kyk by St. 2-544. In die Z.A. Tijdschr. van Des. 1878 word die volgende vermeld: „De spreekwijze: „staan als een zoutpilaar” heb ik zelden gehoord, maar wel: „staan als een pilaar”. Het laatst is meermalen te vinden.”

„en al die tyd staan eerwaarde soos Lot sen vrou, toen sy 'n sout-pilaar geword het, en sê nie 'n woord nie” (Die Brandw. 1910-157). Kyk ook by Malh. 318.

Hy staan soos een wat 'n paar kalkoenvere (of: kaf) in die bank het (Springbok) (kyk by **LOOP**).

Hy staan soos 'n hen wat 'n eier wil lê; . . . soos 'n ooi wat wil lam; vgl. Duits *Stit a doch do, als wenn a loammen wull* (Wander 1-560).

Hy staan daar soos Piet Snot (verleë en beteuterd); vgl. Ndl. *Stoan as Pijt Snöt mit de mond vol tannen* (Molema 167). Hierdie uitdrukking is volgens Stoett (2-158) in die meeste Nederlandse dialekte bekend. Vgl. ook *Stoan as Jan van Veeren*: van verre staande als een onnoozle (Molema 129).

Hy staan soos die dood in ou Sluyter (kyk by LYK).

Dit staan soos 'n paal bo water (beperk tot opgevoede kringe); vgl. St. 2-135. Direk aan Nederlands ontleen, sonder dat dit hier by die volksmassas blywende ingang gevind het, is 'n vergelyking soos die volgende: „Hy staan so verbaas . . . asof hy dit hoor onweer in Johannesburg” (Die Brandw. 1910-19). Vgl. Ndl. *Staan alsof men het te Keulen hoort donderen* (St. 1-446). Kyk hiervoor by hfst. 4.

Staan soos 'n koeipaai op 'n plaas (is lui in die werk). Iets soortgelyks in Ndl. *He steet daar wie 'n Poaskers* (Schrijnen-Volkskunde 11-118—De Vooys).

Hy staan soos 'n bondel wasgoed op sy geweer en leun (Zastron). „Jy's nou eenmaal nes 'n meelsak, waar 'n mens hom neersit, daar bly staan hy” (Ampie 170).

STAMP.

Stamp soos 'n plaaspad; . . . soos 'n bokwa op 'n miershoopvlakte. Vgl. Ndl. *Schokken gelijk eene boerenkerre* (Joos 21).

STAP (vgl. LOOP).

Stap soos 'n pou (pronkerig); **stap soos tien geplukte poue.** Vgl. Ndl. *Ze stapt als een pauw* (De C.—Vr. 93).

„Nou leer hul in skole die Engels gebrou,
Of stap in die straat nes 'n mannetjiespou” (O.K. 1-145).

Stap soos 'n eend op 'n afdraend; stap rond soos 'n broeis hen, . . . soos 'n broeis brommer (nukkerig) (Vryheid).

Bakbeen stap soos 'n verliefde skilpad; wydsbeen stap soos 'n verloofde skilpad (Bloemfontein, Parys, Springbok); **woerflap stap soos 'n gans, suutjies stap soos 'n makou** (Springbok). Vgl. Ndl. *Stappen as 'n koater in de mörgendau* (Molema 167).

„Hij stapt precies als een magistraat (om zijn statig voorkomen)” (De Unie 1-334).

Hy stap met die houding van tien militêre lanterns (Swelldam en omstreke).

Hy stap asof hy 'n hoenderhen in die bank het (Volksrust); **hy stap soos 'n Koelie wat 'n hoender in die bank het** (Kranskop). Kyk ook by LOOP en STAAN.

„In die vakansie stap die skoolseuns soos grootgeld op die werf rond en rig net sonde en ergernis aan” (Die Burger 7/10/’38).

STEEL.

Steel soos ’n kraai, ’n raaf, ’n jakkals. Vgl. Ndl. *Stelen gelijk eene ekster, de raven, een vos, eene kat* (Joos 21); *stelen as roaven* (Molema 167, Bergsma 22); Hgd. *Stehlen wie eine Katze* (Schrader 174); *Er stiehlt wie ein rabe* (Sandv. 46).

Steel soos ’n kombuismeid; . . . soos ’n Xosa.

STEIER.

Hy steier soos ’n reier wat ’n padda ingesluk het (Stormberg); steier soos ’n kuiken wat ’n mier ingesluk het (Petrus Steyn, Laingsburg); steier soos ’n perd wat papies het (Stormberg); steier soos ’n muggie met hoëhakskoene (Paarl, Porterville).

STERF (VREK).

Vrek soos ’n hond; vgl. Ndl. *Sterven gelijk een hond, een beest* (Joos 21); Eng. *To die like a dog*; uit ’n sewentiende-eeuse klug: „Die moghen wel sterven als katten en hongden” (V. Moerk. 474).

„Om my glo dood te slaan net soos ’n hond” (O.K. 2-11).

Vrek soos vlieë in die winter; die vee vrek soos kraaie (Utrecht).

Sterf soos ’n kers wat doodgaan; vgl. Ndl. *Sterven gelijk eene uitgaande keers* (langzaam) (Joos 22).

STINK.

Stink soos ’n muishond (baie algemeen); vgl. Ndl. *Stinken as ’n ulk, ’n buzellk, buuzling, as ’n meerten* (Bergsma 22); *Stinken als een bunzing* (Van Dale 323); *Stinken as ’n bunsel, ulk* (Molema 258); Duits *He stinkt wie e Oelske* (Iltis), . . . as ’n Reiger (Eck. 504); *Du stinkst wie ein Otter* (Wander 4-864).

Stink soos ’n bokkapater; vgl. Ndl. *Stinken gelijk een bok* (Joos; Teirl. 2-115); Duits *A stinkt wie a Bök* (Wander 4-864).

Stink soos ’n vark; vgl. die skeldwoord *Stinkvarken* (Molema 405).

Stink soos ’n natgereënde hond (Winburg); . . . soos ’n swart hond se lêplek (Paul Roux); kyk vir laasgenoemde by hfst. 3(k).

Stink soos die pes; vgl. Ndl. *Stinken gelijk de pest* (De C.—Gebr. 216); *Stinken gelijk de peste* (Joos, Teirlinck 2-115); Duits *Es stinkt wie luder* (Sandv. 37).

Stink soos ’n vrot eier; vgl. Hgd. *Er stinkt wie faule Eier* (Wander 4-865).

Stink soos 'n mishoop, . . . soos 'n koeistal; vgl. Vls. *Stinken gelijk ne stal* (Teirl. 2-115); in die middeleeue:—

„Du beste een vuil slijc
ende stinckende als een mes” (J. van Boendale)
(Aangehaal Prinsen 79).

Stink soos 'n stalkaffer se pote (Paul Roux); vgl. Ndl. *Hij stinkt als een veenboer tusschen zijn teenen* (Harreb. II-327).

Stink soos 'n vellesmous; . . . soos 'n laboratorium; . . . soos 'n loolery; vgl. „Je stinkt als een jenever-stokerij” (Wilde Vaart 72); „Dit stink hier soos in die hel” (Bart Nel 193).

STORM.

Storm soos Dingaan se hordes.

Op iemand afstorm soos die bese gees op die Gadareense swyne (kyk by hfst. 3(g)).

STRUIKEL.

Struikel soos 'n gekweste bok.

Hy struikel oor sy tong soos 'n perd oor sy eie pote.

SWEET.

Sweet soos 'n perd; vgl. Ndl. *Zweeten als een paard* (Van Dale 1260); „Ik zweette als een postpaard” (Sch. der Bergen 174); *Zweeten as 'n otter* (Molema 167, Bergsma 22); *Zweeten gelijk een das* (Joos 26); Duits *Ik swette as en péurd* (Wander 4-481).

Sweet soos verpakte tabakblare; . . . soos 'n yskas. Vgl. „Zweette lijk een gieter” (Pallieter 103); „Zweette lijk een spons” (Pallieter 97).

SWEM.

Swem soos 'n vis; . . . soos 'n otter; vgl. Ndl. *Zwemmen gelijk een visch in 't water, een blik* (Joos 26).

Swem soos 'n rot, . . . 'n waterhond; vgl. Ndl. *Zwemmen gelijk een rat, eene eend* (Joos 26); „Hij zwemt as 'n rot” (Boefje 127).

Baie algemeen is die volgende ironiese vergelykinge:—

Hy swem soos 'n klip, . . . soos 'n baksteen; swem soos lood en duik soos 'n prop; vgl. Ndl. *Zwemmen gelijk een steen, een molensteen* (Joos 26), *Zinken (iron. drijven) als een baksteen, dadelijk naar de diepte gaan* (Van Dale 192); Hgd. *Er schwimmt wie ein Stein* (Seiler 170); *He kan swemmen as 'n Backstén, 'n Molenstén, as 'n Büdel vull* (Eck. 478).

SWERF.

Rondswerf soos 'n bese gees wat geen rus kan kry nie; . . . soos die Israëliete in die woestyn; . . . soos 'n armblanke.

Rondswerf soos 'n skilpad; „Toe het ons begin swerwe soos skulpaaie—die een aand agter hierdie bos, die ander aand agter daardie bos” (Von W.—J. Platjie 16).

SWYG.

Swyg soos 'n klip: vgl. Ndl. *Niet meer en sprak hij als een steen* (Tuinm. 13); *Zwijgen gelijk een beeld, een steen, een standbeeld, eene afgod* (Joos 26); . . . *gelijk ne muur* (Teirl. 2-340); *Zwijgen als een blinde muur* (Zuid Ndl.—De Vooys); Hgd. *Er schweigt wie ein Stein, den man ins Wasser geworfen hat* (Wander 4-446).

Swyg soos 'n muis (vgl. so stil soos 'n muis); vgl. Ndl. *Hij swijgt als een muis* (Tuinm. 288); uit die klugte:— „Hij swijgh gelijck een muys” (Van M. 331); Hgd. *Schweigen wie eine Maus* (Wander 4-446).

Swyg soos die dood, soos die graf; vgl. Ndl. *Zwijgen gelijk een doode, een graf* (Joos 26), *gelijk e graf* (Teirl. 2-340); Hgd. *Verschweigen wie das grab* (Sandv. 22).

Swyg soos 'n vis. „Ons kan beter swyg as 'n dooie vis” (Die Huisg. 20/10/'39); ook in Ndl. en Vls., vgl. Joos 26 en Teirl. 2-340; vgl. ook Ndl. *Zwijgen gelijk een herpel in 't water* (Joos 26).

Swyg soos 'n dief; . . . soos 'n doofstomme; ook by Joos 26. Sedert die sewentiende eeu is in Nederland bekend:— *Zwijgen als een mof*. Kyk hiervoor by Kousemaker, Molema en veral by Stoett 2-35.

TOOR.

Toor soos 'n Slamaaiër; toor soos ou Steenkamp (in die Vrystaat bekend). Kyk by hfst. 3(h).

„Hy kan met towergoed werk soos 'n boejan met waboomblare” (Von W.—J. Platjie 93).

TREK.

Trek soos 'n blespadda oor 'n damwal (baie algemeen, bv. Klerksdorp, Lindley, Steynsrust, Pietersburg, Petrus Steyn, die Bolland); **trek** soos 'n blesperd oor 'n bult (Kroonstad); „Hy trek deur die lug soos 'n padda met die hande en voete oopgespalk” (Die Huisg. 13/10/'39).

Trek soos 'n vrot pampoen; trek soos 'n vrot vel (Vryheid); trek soos 'n vrot vel oor 'n muur (Stormberg); „Wolf die waai net soos 'n ou fel agter aan” (O.K. 1-68); „Jy kan net stowwe sien soos tier loop, terwyl bobbejaan soos 'n fel agterna waai” (O.K. 1-137); „Kerneels en ek waai soos twee drie velle ongedeerd o'er die hek” (O.K. 5-10).

Trek soos 'n koeël; . . . 'n pyl uit 'n boog; vgl. Ndl. *Hij vliegt as 'en kogel uit 'en stuk* (Boeken. 475).

Dit trek soos 'n pleister (vgl. 'n trekpleister).

„Die mikstuur trek soos 'n stoomtrein” (Von W.—J. Platjie 100).

VAL.

Hy val innemekaar soos 'n sak artappels; vgl. Hgd. *Er fällt wie ein Mehlsack* (Frischb. 60).

Hy val soos 'n vrot pampoen (Vryheid); ek sal jou slaan dat jy deurmekaar val soos 'n klomp ou afval (studentetaal, Bloemfontein).

Val soos 'n vrot peer van 'n boom; vgl. Hgd. *Er fällt ab wie eine reife Birne* (Frischb. 3). Vgl. „The enemy will fall like ripe fruit which the tree cannot hold” (radio nuusdiens).

Iets laat val soos 'n warm patat, . . . soos 'n gloeiende kool; vgl. Eng. *To drop something like a hot potato*; Hgd. *Etwas fallen lassen wie glühende Kohlen* (Schrader 31).

Vir Ndl. *Hij valt er in als een vlieg in de rijstpap* (is besonder gelukkig) (Welters 100), vgl. Afr. *Hy val met sy gat in die botter*.

VERANDER.

Verander soos dag en nag; uit een van die klugte:— „Jan is soo verandert, als nacht en dach” (Van Moerk. 256).

Verander soos die wind, die weer, die jaargetye; vgl. Ndl. *Veranderen gelijk de wind, het haantje van den toren* (Joos 23); „Het jaarlijksche verwisselen der bladeren, geeft aanleiding tot eene spreekwoordelijke zegswijze die een algeheele verandering aanduidt” (Ndl. Wdb. 2-2764).

Vir Ndl. *Veranderd als een blad* kyk by St. 1-93.

VERDWYN.

Verdwyn soos 'n groot speld (bāie algemeen) (vgl. Malh. 319). Die oorsprong van hierdie uitdrukking word duidelik as ons dink aan die oorspronklike Verdwyn soos 'n groot speld in 'n hooimiet, 'n uitdrukking wat ook in Duits en Frans bekend is. Vgl. *Etwas wie eine Stecknadel suchen, eine Stecknadel in einem Fuder Heu suchen* (Wander 4-791); *C'est chercher une aiguille dans une botte de foin* (Wander 4-791).

Verdwyn soos rook; vgl. Ndl. *Verdwijnen gelijk een rook* (Joos 23); „waar rykdom soo lig as 'n rookwolk fergaan" (O.K. 1-157); „Sy sien dat haar ideaal soos rook verdwyn" (Op V. en Rande 119).

Verdwyn soos sneeu voor die son; vgl. Ndl. *Vergaan gelijk de sneeuw voor de zon, papier in 't vuur* (Joos 23); Hgd. *Er vergeht wie Rauch an der Sonne* (Wander 4-1545); *Vergeit as Schnee vör de Sünne* (Eck. 541).

Verdwyn soos kaf voor die wind; waarskynlik ontleen aan die Bybel, nl. Job 21-18; ook in Ndl. bekend, vgl. Lauril. 84 en kyk origens by hfst. 3(g).

„dan stuif sy mag uiteen soos kaf
voor die veragte Boer" (C.P. Hoogen.:Die Slag by
Bronkhorstspuit).

Verdwyn soos 'n skaduwee; ook Ndl., vgl. Joos 23.

Verdwyn soos skuim op die water; vgl. Duits *Hä vergeht wie Schüm one Wasser* (Wander 4-1545).

Verdwyn soos 'n voetspoor in die seestrand.

Verdwyn soos 'n Heliëskomeet (Halley's comet). Vgl. hfst. 3(j).

Verdwyn soos perdepoep in die maanskyn (Potchefstroom); vgl. Duits *Et verschwind't wie de Peerdsdreck öm Manschien* (Frischb. 272).

VERMEERDER.

Vermeerder soos konyne, soos sprinkane, soos onkruid (almal baie algemeen).

VERMY.

Iemand vermy soos die pes; vgl. Ndl. *Iemand schuwen als de pest—gelijk de hond den knuppel* (Joos 21); *iemand vluchten als de pest* (den hevigsten afkeer van hem hebben) (De C.—Gebr. 266); reeds in die sewentiende eeu bekend, vgl. „Als de Pest sal mijen" (Van Moerk. 329).

Iemand (of: iets) vermy soos die kerkhof.

VERSKIL (kyk ook by VERSKILLEND).

Dit verskil soos dag en nag (sien Malh. 151); vgl. Hgd. *Das ist so gleich, wie Tag und Nacht* (Seller 170).

Die twee het met mekaar so min te maak (verskil) as kunssy en varkleer.

„Die dingetjie (nl. die kameleon) lyk so min na 'n leeu as 'n vark na 'n p'stoel" (O.K. 1-14); „Dit lyk net so min daarna as 'n knipmes na 'n rewolwer" (O.K. 7-55).

VERTROU.

Iemand vertrou soos 'n waghond; jy kan hom net so min vertrou as 'n Boesman.

VLOEK.

Vloek soos 'n matroos, . . . soos 'n ketter (vgl. Malh. 260); soms skertsend vloek soos 'n matrooswyfie; vgl. Ndl. *Vloeken gelijk een ketter, een afgod* (Joos 24); *Vluiken as 'n ketter* (Molema 167).

Vloek soos 'n soldaat, . . . soos 'n heiden; vgl. Eng. *To swear like a trooper*; Hgd. *Er flucht wie ein Heide* (Wander 1-1081); *Er schwört wie ein alter Soldat* (Wander 4-484).

Vloek soos 'n Hollander; vgl. Ndl. *Vloeken als een poep* (Kous.); *vloeken gelijk een Schot, een oude Fransche soldaat* (Joos 24); „*vloecten als Croaten*” (aangehaal uit Huygens, vgl. St. 1-195); *zwetsen als een advocaat* (veel vertellen en weinig doen) (Welters 114); Hgd. *Fluchen wie Franzosen* (Lipperh. 190); *Er flucht wie ein polnischer Jude* (Wander 1-1081); *fluchen wie ein Türke* (Malh. 260).

Vloek soos tien perde skop (Heilbron)—'n produk van kontaminasie en analogiewerking, vgl. hfst. 1; vgl. Ndl. *Vloeken als een kartouw* (De C.—Gebr. 27; Van Dale 808) waar 'kartouw' 'n verouderde benaming vir 'n kanon is.

VLUG.

Vlug, soos 'n dief in die nag; vgl. Ndl. *Vluggen gelijk een blood-aard, een dief* (Joos 24); Lt. „*Gai nostri domum fugi, tamquam copo compilatus*; wie ein bestohleener Budicker, der dem Diebe nachsetzt. Wir wurden etwa sagen, als ob mir die Polizei auf den Fersen wäre, oder, wie mit Hunden gejagt” (Otto 79).

Van iemand vlug soos vir 'n spook; vgl. in die sewentiende eeu:— „voor hem vlugten, als voor een spook” (Van Moerk. 222).

Vlug soos 'n bok vir 'n skoot hael; . . . soos die duiwel vir 'n slypsteen; kyk by BANG en vgl. Ndl. *Vluchten gelijk de duivel voor het kruis* (Joos 24).

Vlug soos hoenders vir 'n valk; . . . soos hoenders vir 'n haelstorm. Vgl. „Hulle vlug soos muise voor 'n grasvuur uit” (Von W.—J. Platjie 184).

VOEL.

Voel soos 'n uitgebyte bobbejaanmannetjie (alleen en verstote) (Springbok); . . . soos 'n bobbejaan met stewels aan (Ermelo); . . . soos 'n aap in 'n manel (ongemaklik) (Springbok).

Voel soos 'n kat in 'n vreemde pakhuis (Springbok); vgl. Ndl. *Hij zit er als een kat in een pakhuis* (Welters 101); *Kieken as 'n koater in 'n vreemd pakhoes* (Molema 199). Vgl. hfst. 4.

Voel soos 'n kat op 'n warm pan (Ermelo); . . . soos 'n nat-gereënde kat (Pietersburg).

Voel soos 'n hond wat gif gevreet het (Heidelberg K.P.); . . . soos 'n hond wat botter geëet het (Wesselsbron); . . . soos 'n hond wat derms geëet het (Louis Trichardt).

Voel soos 'n hoenderhaan sonder stertvere (Zeerust); . . . 'n kraai met pouvere (heeltemal uit jou plek); voel soos 'n hoenderhaan waarvan die stert uitgepluk is (Heidelberg, Tvl.).

Voel soos 'n uil op 'n tak (op 'n kluit); kyk by SIT, LYK en vgl. hfst. 4; . . . soos 'n swewende voëltjie (Pietersburg); . . . soos 'n uil tussen 'n klomp kraaie; . . . soos 'n vink onder 'n klomp katlagters. Vgl. „I soon found myself like an owl among a flock of crows” (Cape Monthly Mag. 1874-323); Ndl. *Er zijn uilen en kraaien* (d.w.s. allerlei soorte mense) (F. den Eerzamen in N.T.G. 13-134); *Hij is gezien als een uil onder de bonte kraaien* (ieder steekt den draak met hem) (Van Dale 1690).

Voel soos 'n galsiek skaap (Heilbron); . . . soos 'n galsiek bees (Zeerust).

Voel soos 'n vis op droë grond (Vryheid); . . . soos 'n vis op 'n warm rooster (Laingsburg); . . . soos 'n walvis op 'Naval Hill' (Bloemfontein), vgl. hfst. 2(a).

Voel soos 'n opgeblaaste padda (Springs, Vryheid); . . . soos 'n padda in die droogte. Vgl. Duits *Oem öss te Môd wie em Fösch op em Land* (Wander 3-801).

Voel soos 'n luis op 'n vingernaël (beangs) (Springbok); vgl. Ndl. *Zoo veeg staan als eene luis op den kam* (in groot gevaar verkeer) (Van Dale 961). Kyk ook by LYK.

Voel soos 'n hottentotsgod op 'n warm klip (Jansenville). Kyk by LYK.

Voel soos Adam in 'n modewinkel (ontuis) (Volksrust); . . . soos Job op die ashoop (Worcester); . . . soos 'n bedelaar met een nuwe kous aan (Springs); . . . soos 'n bruidegom (salig) (Lichtenburg); . . . soos iets wat die kat huis-toe gesleep het (Bethal); sleg voel soos 'n weeskind (Dewetsdorp); voel soos 'n engeltjie met liddorings (Bethal); . . . soos 'n siek mens aan die brekfistafel (Swellendam en omstreke); . . . soos iemand wat deur die wors-masjien gegaan het (Brandfort).

Voel soos Uilspieël in die maanlig (kyk by LYK); . . . soos Maljan onder die hoenders (Vryheid); kyk hiervoor by hfst. 4 en vgl. *Hij hout 'r in om as Maljan mank de hounder* (Hij slaat er in 't wilde) (Molema 255).

Voel soos 'n vrot vel (Ladysmith, Springbok); . . . soos 'n uitgedroogde vadoek (van iemand wat kwaai verkoue het); . . . soos 'n uitgewaste lap (Pietersburg, Petrusburg).

Voel soos die dood wat warm gemaak is (Brandfort); . . . soos 'n opgewarmde lyk (Moorreesburg).

Voel soos Saterdagmiddag in 'n motreëntjie (Ermelo); . . . soos • Krismis (gesê na 'n goeie maaltyd); . . . soos Sondag (bedruk).

Voel soos 'n liefdesbrief (eenkant en afgesonderd) (Springbok); . . . soos 'n stuk skimmelbrood (nie op sy gemak nie) (Springbok).

Voel soos Donderdagnag om twaalfuur (Zeerust). Kyk by **LELIK**.

Voel soos 'n nuwe sikspens (Heidelberg K.P.). Kyk by **LYK**.

Voel soos 'n verdwaalde poep in die maanskyn (Springbok). Kyk by **VERDWYN**.

Ek voel weer vanaand soos enigiets op 'n mikstok; . . . soos 'n wildewragtig op 'n mikstok (Pietersburg). Kyk by **LYK**.

Ek voel soos niks in die wêreld nie (Chrissiesmeer); . . . soos eergister, soos gister die heeldag (Zastron), vgl. hfst. 1; ek voel soos ek lyk (Brits); ek voel so ongelukkig soos die duiwel wat in die hemel kuier (Moorreesburg).

Die volgende plat uitdrukking wat dikwels in die ruwe, gemeensame omgangstaal gebesig word, verskyn hier alleen omdat 'n soortgelyke uitdrukking in Duits aangewys kan word:—

Ek voel soos 'n omgewaaide plaaskakhuis (gesê die dag na 'n party waarop te veel sterk drank gebruik is). vgl. *He is so wis as dat Kackhüschchen to Bremen, dat van Klôkheit in full* (Eck. 561).

VOETER.

Hy voeter altyd verkeerd in soos 'n skeel os (baie algemeen, o.a. die hele Vrystaat, Vryheid, Klerksdorp, Pietersburg, Queens-town, Fort Beaufort, Somerset-Oos); hy voeter altyd verkeerd in soos 'n ou-ooi (Witbank); . . . soos 'n skeel skaap (Cathcart). Vgl. ook **Hy** is altyd dwars agterstevoor soos 'n skeel volstruis (Jansenville). Almal is aan die boerderybedrywighede ontleen, vgl. hfst. 3(b).

VRY.

Baie algemeen is die ironiese uitdrukking **Hy vry soos 'n reun-perd**. Op dieselfde wyse word in die volgende uitdrukking spottend verwys na die gebrek aan geesdrif wat 'n wewer by die vryery aan die dag lê:— *De lamp brandt als een wewer die vrijt* (slaperig, swak) (Molema 161).

WEET.

In die vergelykingstipe „So min van iets weet as . . .” is daar 'n groot verskeidenheid van moontlikhede in die vergelykende omskrywing. Weens die tweeledige inhoudsaard hiervan het dit tot 'n groot mate die invloed van kontaminasie en slordige verwarring ondergaan, met die gevolg dat 'n ineenvloeiing en oorkruising van begrippe duidelik aan te toon is. Nietemin is dit opvallend dat in die meeste gevalle óf die onderwerp óf die aanvullende voorwerp van die vergelykende omskrywing geërf is. Vgl. hiervoor hfst. 4.

Gerieflikheidshalwe, geskied die indeling hier volgens die onderwerp van die vergelykende uiteensetting.

Vark: Soveel van iets weet as 'n vark van politiek (vgl. Malh. 231); . . . as 'n vark van 'n bors hemp; . . . as 'n vark van 'n aandpak; . . . as 'n vark van 'n witgestyfde tafellaken. So min van iets weet as 'n vark van 'n Duitse Bybel (Laingsburg); vgl. Ndl. *'t Is net zoo goud of 'n os in de biebel kijkt* (hij begrijpt niets van hetgeen hij leest) (Molema 314); so min van iets weet as 'n kortsnoetvark van 'n kultuurvereniging (Volksrust); . . . as 'n vark van vioolspel (Ermelo); vgl. Hgd. *Er ist der heiligen Schrift fertig, wie eine Sau auf der Harfen* (Schrader 92); Ndl. *Dat hoort de zeug liever dan op het orgel spelen* (Harreb. 2-499). Vgl. verder *He wêt der nett so völ van, as de Mut (mutter sau) van 't Wafelbacken* (oder: van 't Jodenhaus) (Eck. 571); *He bigript' er so vâl von, ass d'ole Mutt' (Sau) van Gannatstriken* (Garnalengefang) (Eck. 40); *Hij wijt 'r zooveel van as 'n môt van 't haspelen* (Molema 224).

Soveel van iets weet as 'n vark van Latyn; vgl. Ndl. *Hij spreekt Latijn als een zwijn* (Harreb. 2-11).

Kat: Soveel van iets weet as 'n kat van saffraan; by Mansvelt (bl. 75) is opgeteken: Wat weet die kat van saffraan. Vgl. hiervoor Malh. 231. Soveel van iets weet as 'n kat van godsdien; . . . as 'n kat van die Roomse geloof (Laingsburg); vgl. Ndl. *Hij weet er zooveel van as 'n katte van de Zeunday* (Joos 25); Duits *He kickt wie de Katt ön e Kalender* (Eck. 259).

Soveel van iets weet as 'n kat van koskœek (Bloemfontein); . . . as 'n kat van Krismis (Heilbron); „Jy het so min verstand om 'n kind op te lei, as 'n kat om pastei te bak” (Melt Brink: Berou kom meestal te laat).

Soveel van iets weet as 'n kat van klavierspel; . . . as 'n kat van vioolspel (Delareyville); vgl. Ndl. *Hij weet er zooveel van als een os van muziek* (Harreb. 2-112); Hgd. *Er versteht's, wie der Esel das Flötenblasen* (a quoi peut être vous êtes stylé comme un âne a jouer du flageolet) (Wander 4-1609).

Soveel van iets weet as 'n kat van skyfskiet (Heilbron).

Koei: Soveel van iets weet as 'n koei van saffraan; vgl. Ndl. *Wat weet eene koe van saffraan eten* (Harreb. 1-4251).

Soveel van iets weet as 'n koei van sterrekunde; vgl. Ndl. *Hij heeft er zoveel verstand van als een os van het zevengesternte* (Welters 95); Hgd. *Einer versteht von etwas soviel als die Kuh vom Kalender* (also nichts) (Schrader 92).

Soveel van iets weet as 'n koei van Sondag; vgl. Hgd. *Er weiss davon soviel, wie die Kuh vom Sonntage* (Frischb. 158—Eck. 259).

Soveel van iets weet as 'n bees van Latyn (Springbok); . . . as 'n **Spaanse koeie van Latyn** (Worcester); vgl. Ndl. *Fransch spreken gelijk een koe Latijn* (Joos 21); *Hij spreekt Fransch als een oude koe Spaansch* (Welters 90); Hgd. *Er versteht die Sprach wie eine Meerkatz das Spanische* (Wander 4-736); *Du verstehst so viel davon, als eine Kuh Spanisch* (Schweiz) (Wander 4-1608).

Soveel van iets weet as 'n koei van 'n kruiwa (Tweeling). Vgl. verder Ndl. *Hij heeft er evenveel verstand van als een koe van het wafel bakken* (De Vooys); *Hij is soe vol beleeftheijds, als een koe vol muscaten* (Meijer 60); Hgd. *Was versteht eine Kuh von einer Muskatnuss, wenn sie Heu frisst* (Wander 2-1679); Lt. *Vetus adagium est: nihil cum fidibus graculo est, nihil cum amaracino sui*. Was nützt der Kuh die Muskate? (Otto 336).

Aap: Soveel van iets weet as 'n aap van godsdien; . . . as 'n **aap van nagmaal** (Bloemfontein); . . . as 'n **aap van 'n gesangboek** (Bethal); . . . as 'n **aap van saffraan** (Chrissiesmeer); . . . as 'n **aap van 'n kat se stert** (Worcester); . . . as 'n **aap van pere droë** (Springbok).

Kraai: Soveel van iets weet as 'n **kraai van Saterdag** (Heilbron); . . . as 'n **kraai van Sondag** (Heidelberg); vgl. Ndl. *Hij weet er net zooveel van als nen kraai van den Zaterdag* (Harreb. 1-446); *Hij wijt 'r zooveel van as de krai van de zoaterdag* (hoegenaamd niets) (Molema 224); Hgd. *Er versteht davon so viel wie die Krähe vom Sonntage* (Wander 4-1608).

Soveel van iets weet as 'n kraai van godsdien (Bultfontein, Klerksdorp); . . . as 'n **kraai van Krismis** (Springbok).

Hoender: Soveel van iets weet as 'n **hoender van sterrekunde** (Carolina, Heilbron); . . . as 'n **hoender van donderweer** (Heilbron); . . . as 'n **hoender se poephol van weerlig** (Westelike Provinsie); . . . as 'n **hoenderhaan van politiek**, 'n **hoenderhen van 'n tandeborsel** (Franschhoek).

Bobbejaan: Soveel van iets weet as 'n **bobbejaan van godsdien** (Rosendal, Paarl, Porterville); . . . as 'n **bobbejaan van 'n Bybel** (Heilbron); . . . as 'n **bobbejaan van 'n wit bors hemp** (Rosendal); . . . as 'n **bobbejaan van warm ete** (Franschhoek); . . . as 'n **bobbe-**

jaanmannetjie van 'lipstick'. Vgl. Ndl. *Hij weet niet meer van de klanken als een woud-aap of een Baviaan* (Ndl. Wdb. 2-1078).

Ander: Hy weet daar net soveel van as 'n bok van skottelgoed was (Bloemfontein); vgl. „Eerder leer ik een bok het glazenwasschen dan . . .” (De Telegraaf 8/3/'37); Hgd. *Er versteht davon so viel, wie die Ziege vom Pfeffer* (Seiler 170).

Soveel van iets weet as 'n donkie van 'n borshemp (Moorreesburg); . . . as 'n krap van godsdien (Bloemfontein); . . . as 'n hond van godsdien (Heilbron); . . . as 'n kakkerlak van pantoffels (Bloemfontein); . . . as 'n padda van 'n broeksak (Bethal). Vgl. verder Ndl. *He weit sou vil davon asse de osse vamme vuggelneste* (Molema 224); Hgd. *Er versteht davon soviel wie ein Mastochse von hegelscher Philosophie* (Wander 4-1608); *Er redet davon wie der Taube vom Orgelspiel* (Wander 3-1568).

Persone: Soveel van iets weet as 'n dopper van 'n gesangers (Dewetsdorp, Witbank, Louis Trichardt, Cathcart); . . . as 'n seerower van 'n psalmboek (Bloemfontein); . . . as 'n Russiese tsaar van Boerbiltong (Kroonstad); . . . as die duiwel van sout raap (Springbok) (vgl. so bang soos die duiwel vir sout raap); . . . as 'n blinde van kleure (vgl. Hgd. *Soviel die Blinden von Farben* (Wander 3-1568)).

Algemeen: Hy weet soveel daarvan as my kleintoontjie (algemeen); vgl. Duits *He wêt der net so völ van, as min lüttje Tôn (Zehe)* (Eck. 571).

Soveel van iets weet as my pinkie; vgl. Hgd. *Er versteht nicht so viel davon, wie mein kleiner Finger* (Wander 4-1608).

Soveel van iets weet as die man in die maan (vgl. Mahl. 258); . . . as die man in die maan van liefde (Pietersburg).

So min van iets weet as van jou eie dood; vgl. Ndl. *Zoveel van iets weten als van de uur van mijne dood* (Joos 25).

Hy weet so min as 'n klip; vgl. Ndl. *Zoveel weten als een domme steen* (Joos 25).

WEGKRUIP.

Wegkruip soos 'n patryskuiken; . . . soos 'n kwartel in die gras; „kruip soos kwarteltjies tussen die skeure en bosse weg” (Von W.—J. Platjie 14); „toe hulle daar soos dassies hulle lywe tussen die klippe bêre” (Von W.—J. Platjie 14). Vgl. Ndl. *Er onder kruipen als een vogeltje dat een kat hoort krollen* (diep onder de dekens kruipen) (Boeken 1157).

WEGLOOP.

Wegloop soos 'n slegte kaffer.

WERK.

Werk soos 'n esel, . . . soos 'n pèrd; . . . soos 'n os; vgl. Eng. *To work like a horse*; Ndl. *Arbaiden as 'n ezel* (Molema 166); *Werken als een leeuw* (Kous.); Hgd. *Er arbeitet wie ein angebundener Ochse* (Frischb. 10).

Werk soos 'n slaaf (algemeen); vgl. Eng. *To work like a galley slave*; Ndl. *Werken als een slaaf* (Joos 25); . . . as 'n *turfgraver* (Bergsma 22).

Werk soos 'n nuwe besem (vgl. *nuwe besems vee skoon*).

Werk soos 'n miskruier (agterstevoor) (Dealesville).

Werk soos miere (algemeen); vgl. Ndl. *Woekeren gelijk de mieren* (Joos 25).